# HOOFSTUK IV.

## ADAMSON EN METODES VAN ONDERWYS.

### 1. INLEIDING.

Adamson se voorgangers het nie veel aandag aan metodes van onderwys gewy nie. In die „Schoolreglement" van Van der Lingen is aan die onderwyser onder andere vryheid verleen om:

> „Op welke wijze hy wil onderwijzen, zoo het maar niet strijdt tegen deugd en goede zeden."[1]

Die Lydenburgse Grondwet van 1853 het bepaal dat die Volksraad moes toesien dat niks, wat strydig met Gods Heilige Woord was, in die skole onderrig moes word nie, terwyl die „Reglement van die Algemene Kommissie vir Onderwys" die metodes van onderwys aan die onderwyser oorgelaat het, mits dit beantwoord het aan die doel en die ontwikkeling van die verstandelike en sedelike vermoëns van die kinders.

Vanaf 1882 tot 1887 toe ds. S.J. du Toit Superintendent van Onderwys in Transvaal was, was daar nie sleg 'n tekort aan goeie en goed opgeleide onderwysers nie maar daar is ook nie veel aandag aan nuwe onderwysmetodes en -middele[2] bestee nie.

Hoewel onderwys onder Mansvelt vanaf 1891 tot 1899 op velerlei wyse vooruitgang gemaak het, is daar gedurende hierdie tydperk ook nie nuwe onderwysmetodes voorgeskryf nie.

---

1. Schoolreglement van 13 artikels waaraan het gemeentebestuur en de te benoemen onderwijzers sich te houden hebben.
2. Coetzee: Onderwys in Transvaal, 56.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog het daar feitlik 'n algehele ontwrigting ingetree en onder die Engelse bewind is daar ook niks nuuts in hierdie verband gelewer nie.

Toe Adamson dus in Junie 1905 direkteur van onderwys geword het, het daar vir hom ook op díe gebied 'n oop veld gewag.

By die oorweging van sy standpunt dat opvoeding inderdaad aanpassing[3] is, moet daar vasgestel word hoe die mens volgens hom deur aanpassing gevorm kan word. Voordat oorgegaan word tot die behandeling van sy onderwysmetodes wat ter uitvoering van sy aanpassingsgedagte toegepas moes word, moet daar eers gelet word op die doel van sy onderwys, die plek en pligte van die onderwyser en die omgewing waarin die kind die nodige aanpassing moes ondergaan.

2. DIE DOEL VAN ONDERWYS.

(a) Die doel.

Volgens Adamson is die doel van onderwys:

> "It must give to all vision and the sense of values."[4]

Die doel moet die hele opvoedingswerksaamheid kleur, deursuur en bestem: die mens moet hom aanpas by die natuur, die kultuur en die sedelike, met dien verstande,

> "Adjustment is constant and unending."[5]

Hoewel sy einddoel die koers en rigting van sy strewe bepaal, hou hy steeds ook met die onmiddellike sowel as met die meer onregstreekse doelstellings, die biologiese, die sosiologiese, die etiese en die wysgerige rekening.

3. Adamson: The Individual and the Environment, 1.
4. Adamson: Externals and Essentials, 103.
5. Adamson: The Individual and the Environment, 219.

As 'n biologiese wese het die mens behoefte aan liggaamlike en sosiale versorging. In hierdie opsig ag hy dit van belang dat die opvoeding die mens moet lei om die natuur te ondersoek, sodat aanpassing kan plaasvind:

> "We are heirs of two orders: the mysterious universe of nature and the mycrocosm of civilization, minute by contrast, but in many ways at least equally arresting. The former is essentially man-less: he's an accident, according to modern physics; the latter is man-made: it is man's addendum to the given of nature.[6] ..... The environment must grow on to personality."[7]

Dit kan slegs geskied as die kind met die werklikhede self in aanraking gebring word en om die rede moet die aanvangsonderwys hoofsaaklik in die ryk van die natuur plaasvind, sodat beide mens en natuur deur 'n wederkerige beïnvloeding ten goede gevorm kan word.

> "..... real adjustment means giving as well as taking, receptivity as well as activity, being created as well as creating."[8]

In die aanvangsstadium van die kind se skoollewe moet enige metode van onderrig daarop bereken wees om die kind met werklikhede te laat kennis maak en moet sy belangstelling steeds as van groot belang beskou word. In hierdie stadium moet natuurkennis, aardrykskunde, streekaardrykskunde en elementêre wetenskappe die belangrikste aanpassingsmiddele wees.[9]

Hierbenewens is die mens 'n sosiale wese wat vir sy maatskaplike bestaan van sy medemens afhanklik is. Sy vorming en rypwording is eintlik 'n geleidelike inlewing in die kultuurlewe. Die ontwikkeling van 'n gemeenskapsin moet vir hom selfstandigheid sowel as naastediens beteken.

---

6. Adamson: Externals and Essentials, 90.
7. Adamson: The Individual and the Environment, 70.
8. Ibid, 53.
9. Ibid, 61 tot 150.

> "Our task is to find what we own and what we owe."[10]

Om aanpassing by die kultuurorde te laat plaasvind, maak Adamson van die onderrig in geskiedenis, ekonomie, taal, letterkunde en van beroepsopleiding gebruik.[11] Voorts meen hy dat die mens op grond van sy redelike vermoëns en sy gewete ook 'n kenner van goed en kwaad en 'n kenner van waardes is.

> "The individual turns out to be not only the last word in evolution, but the first word in evaluation."[12]

Deur opvoeding moet hy deur liefde en kennis van die goeie gelei word.

> "..... the supreme task of education is to raise the intensity of moral adjustment so that it becomes the illumination which floods and pervades the whole of life."[13]

Deur sy omgang met deugsame mense en deur eie strewe moet die kind tot 'n sedelike en deugdelike lewe gevorm en ontwikkel word. Dit kan hoofsaaklik deur die goeie omgewing en deur regstreekse en onregstreekse sedelike voorligting geskied.[14]

Ten laaste is die mens ook denker en wysgeer:[15]

> "Those who have the trick of it are the potential leaders; those who haven't, the potential followers."[16]

Deur opvoeding moet hy gelei en gevorm word, sodat hy 'n wysgerige betekenis aan sintuiglike waarneming kan heg.

Nadat hierdie stadia met nougesetheid en belangstelling deurgemaak is, behoort die mens ryp te wees vir 'n aanpassing by die Beter Werklikheid:

---

10. Adamson: The Individual and the Environment, 235.
11. Ibid, 167 tot 296.
12. Adamson: Externals and Essentials, 141.
13. Adamson: The Individual and the Environment, 299.
14. Ibid, 299 tot 372.
15. Adamson: Externals and Essentials, 8 tot 25.
16. Ibid, 13.

> "The whole of reality which is God."[17]

(b) <u>Die plek en pligte van die onderwyser</u>.[18]

Die verhouding tussen die leerling en sy aanpassingswêreld berus op die beginsel van wederkerigheid. In geen een van die drie ordes moet die onderwyser meer as 'n middelaar wees nie.

> "He must, as we say, let the facts speak for themselves. He will not hesitate to stimulate adjustment to direct and facilitate it with all the art of which he is capable. It should be unobtrusive art, however. He must be ever on the alert to the intrinsic danger of the lecture that it may draw off the current of attention, setting towards adjustment from the truth to the mere exponent of the truth. 'The truth shall make you free,' free of the master if true adjustment is achieved."[19]

In hierdie proses moet die onderwyser die kind met die verskynsel of waarheid laat kennis maak, terwyl die wederkerigheid nie soseer tussen hom en die kind as tussen die kind en die omgewing moet wees nie. Hy moet as bemiddelingsfaktor en as aktiewe toeskouer en belangsteller so veel soos moontlik op die agtergrond bly om slegs die toestand wat aanpassing vergemaklik te skep. Hy moet sy invloed op heel onregstreekse wyse laat geld, sodat die kind 'n eie afdruk op sy omgewing kan maak en daar tegelykertyd 'n bydrae tot die ontwikkeling van sy kinderpersoonlikheid gelewer kan word en sy aanpassing deur eie ervaring kan geskied.

In die kultuurorde kan sodanige optrede van die onderwyser begryplikerwyse nie altyd duidelik omskryf en bepaal word nie. Hy moet in hierdie geval egter ook op

---

17. Adamson: The Individual and the Environment, 371.
18. Ibid, 26 tot 37.
19. Ibid, 35.

onregstreekse wyse handel en die feite self laat spreek. Dit kan hy doen deur die aanwending van verskeie middele soos prente, rolprentvertonings, kaarte, figure, e.d.m. Hy moet egter gedurig daarteen waak, dat hy nie ten koste van die waarhede self van middelpuntvliedende belang word nie.

In die skepping van die sedelike orde geld dieselfde beginsel. Onder sedelike aanpassing word bedoel dat die kind 'n doel of ideaal moet vind, wat hy vrywilliglik en terwille van die ideaal self sal nastreef. Die wederkerigheidswerking is hier dan ook tussen kind en ideaal en nie soseer tussen kind en ouers of onderwyser nie. Wanneer ouers en onderwysers probeer om kinders aan 'n leiband van wet en reël te hou, al geskied dit met liefde en medelye, is die gevolg gewoonlik 'n morele ankerloosheid. So lank soos aanpassing op grond van enige vorm van gesag geskied, hetsy van die ouer, onderwyser, kerk of 'n stelsel van wette, net so lank sal sedelike aanpassing buite sig bly.

Aan die onderwyser kan daar dus slegs 'n bepaalde plek in al drie ordes toegeken word. Dis sy taak om saam met sy leerlinge die omgewing en waarhede te benader maar deur steeds self op die agtergrond te bly.

Hierdie plek en optrede, wat aldus aan die onderwyser toegeken word, behoort ongetwyfeld deur hom verwelkom te word, aangesien dit benewens opvoedkundige oorwegings ook sy beroepstatus verhoog. Indien hy sy leerlinge deur medelye of gesag wil aanhits, dan moet hy versoek word om sy beroep as meester neer te lê en sy plek as medeleerling in te neem.

Hierdie optrede vergemaklik die taak van die onderwyser ewemin as wat dit sy taak in belangrikheid laat

afneem, want hy moet feite en waarhede so aanbied dat aanpassing van uur tot uur en van dag tot dag kan voortgaan. In sy aanskouings-, natuurkennis- en aardrykskundelesse moet hy die voorbeelde en feite voorsien en die omgewing skep. As die aanpassing dan redelikerwyse plaasvind is sy beroepsoptrede reeds met welslae bekroon.

Kennisversameling is goed en noodsaaklik maar as dit nie deur aanpassing aan die deugdelikheid gekoppel is nie, is daar in die opvoedingsdoel nog nie geslaag nie. Aanpassing is 'n wakkere, deugdelike en goeie lewe en die vorming, leiding en ontwikkeling van hierdie lewe is die taak van die opvoeding en die voorreg van die opvoeder.

(c) Die omgewing.

In Adamson se opvoedingsideaal tree die subjektiewe faktor, die kind, en die objektiewe faktor, die omgewing, sterk op die voorgrond. Die kind moet aan so 'n lewe onderwerp word dat hy hom by die omgewing wat uit -

"Nature, society and morality."[20]

bestaan, kan aanpas.

> "Nature is ours as far as we know it.....[21] Adjustment will mean exploration of it: extensively and intensively.[22] The social fabric is ..... transparent and elusive ..... its material is instinctive, appetitive and emotional rather than cognitive. The process of adjustment will in this case be, at first, of the nature of nurture and development and, in some respects, of repression and inhibition of tendencies ....."[23]

'n proses van ontdekking!

20. Adamson: The Individual and the Environment, 2.
21. Ibid, 10.
22. Ibid, 11.
23. Ibid, 11.

> "The moral order is a world of values ..... a world of divine revelation ..... adjustment in the case of the moral order will be by creation and adoption."[24]

Om aanpassing by die aldus omskrewe omgewing makliker te laat geskied, word daar 'n besonder belangrike plek aan die skool toegeken, want dit is moontlik om die omgewing aldaar te skep en te beheer.

> "The school needs the family as a seed-bed, and the family needs the school as the open plantation where the boy or girl is hardened by the open air and the bluster of life."[25]

Hoewel die skool noodwendig aan bepaalde leervakke die aandag moet skenk, moet dit goed begryp word dat leervakke nie 'n selfstandige doel is nie. Hulle moet as die vensters, waardeur die lig van die omgewing kan instroom, beskou word.

> "It really amounts to this, that not learning but living, being, is the real objective ......... it should face life squarely."[26]

Die minimum vereiste in die verband kan soos volg saamgevat word:

> "Science for the material order, history for the social, literature for the evaluation of their moral and aesthetic implications, and religion to suffuse them all."[27]

3. AANPASSING.

> "Adjustment implies the subject going over into, being fused with, the object. We find ourselves in losing ourselves."[28]

Uit Adamson se omskrywing van die omgewing het ons gemerk dat hy vir aanpassing aan elke fase 'n ander metode voorstaan: Die natuur moet ondersoek, die kultuur ontdek en die etiese geskep word.

24. Adamson: The Individual and the Environment, 12 tot 13.
25. Ibid, 329.
26. Adamson: Externals and Essentials, 102.
27. Ibid, 102.
28. Adamson: The Individual and the Environment, 54.

(a) Die natuur.[29]

In die ondersoek van die natuur moet daar van die mens se weetgierigheid gebruik gemaak word. Aanvanklik moet die kind daardeur aangevuur word om sy kennis van die natuur op te doen en deur verfyning moet hy geleidelik in staat gestel word om wetenskaplike navorsing as 'n lewensgewoonte aan te kweek. Sodra daar sprake is van 'n subjek en 'n objek, 'n mens en 'n aanbieding, is daar ook sprake van ervaring.

> "Remove either of them and the conception of experience disappears."[30]

Deur ervaring raak die mens aan sy omgewing verknog en word aanpassing die begin van sy opvoeding:

> "All we have to do is to develop a unity which we find: a unity which is a miracle, an insoluable riddle, perhaps, but yet a fact[31] ...... and this unity of ego and world, subject and object, in experience is fundamental."[32]

Die natuur bestaan dus slegs in soverre as wat dit deur ervaring leer ken is en deur die betekenis wat daaraan gegee word:

> "Experience is the common ground of the individual and the world he knows, feels and acts upon."[33]

Hierdie ervaring verskil egter by indiwidue onderling en herhaal sig by dieselfde indiwidu nooit op presies dieselfde wyse nie.[34] In die ontwikkeling van die persoonlikheid is die omgewing as beïnvloedingsfaktor van voortdurende en aanhoudende belang.

> "The school of nature keeps no holidays; and within the curriculum of experience adjustment to the physical environment is included as a fact."[35]

---

29. Adamson: The Individual and the Environment, 39.tot 60.
30. Ibid, 40.
31. Ibid, 40.
32. Ibid, 41.
33. Ibid, 7.
34. Ibid, 45 tot 47.
35. Ibid, 48.

Dit verskil egter nie in wese van die gereelde aanbieding van die skool nie en daarvolgens moet die skool leer dat:

> "..... formal education must take up and carry on the process of adjustment to the first world which it finds to be a datum of experience."[36]

In die aanvangsonderwys behoort daar 'n verskeidenheid van aanbiedinge te wees, omdat daar in hierdie stadium nog nie van 'n diepere belangstelling sprake kan wees nie.

> "Adjustment must be extensive rather than intensive."[37]

Daarom moet aanpassing in hierdie ontwikkelingstrap innig en persoonlik wees en moet enige ondersoek na oorsaak en gevolg en na fynere besonderhede afgekeur word.

Dit moet die taak van die skool wees om die voorskoolse kennis van die kind verder uit te bou. Sy ervaring en belangstelling behoort die uitgangspunt en die grondslag van die skoolwerksaamhede te wees. Enige metode wat nie op die beginsel van innige en persoonlike aanpassing berus nie maar wat vormlike of uitdruklike dissipline as uitgangspunt het, moet ook afgekeur word. Namate die ervaring toeneem moet die neiging om van aanbieding te verwissel afneem en sodra hierdie stadium bereik word, moet die onderwyser die gordyn as 't ware wegskuif, sodat daar na die diepere sin van sake omgesien kan word.

In die geval van aanpassing in die ryk van die natuur onderskei Adamson drie stadia:

(i) 'n Wyere en nie-afgebakende ervaring:

> "We develop experience superficially in length and breath, but as a whole or unity."[38]

---

36. Adamson: The Individual and the Environment, 49.
37. Ibid, 49.
38. Ibid, 59.

Dis die stadium wanneer natuurkennis en 'n geringe mate van aardrykskundige kennis opgedoen moet word.

(ii) 'n Verskerpter toespitsing van die aandag op wetenskaplike verskynsels. Die ervaring is in hierdie stadium 'n persoonlike toeëiening van en vereenselwiging met die natuurverskynsels.

(iii) Die saamvoeging van die wyere en die diepere ervaring tot die werklike geheel.

> "Through these stages the individual must be taken if adjustment to the first world is to be complete ...... Education ought not to be satisfied with less than this."[39]

(b) Die Kultuur.[40]

> "The social world, the fabric of civilization, is wholly man's creation. It is the outward sign and manifestation of the activity of his instincts and his emotional impulses and aspirations."[41]

Hierdie werksaamheid van die mens mag in sigbare of onsigbare gestalte aangetref word. Dis 'n wêreld wat deur die mens tot stand gebring is en dit groei en ontwikkel namate sy belangstelling en deelname voor- of agteruitgang toon:

> "..... his instincts, his intelligence, and his aspirations evolve it."[42]

Hierdie orde moet deur die mens self ontdek word; hy moet sy weg deur 'n wolk van egoïstiese instinkte en emosies vind. As ware aanpassing hier nie plaasvind nie, sal die mens tot 'n kluisenaarsbestaan gedoem wees. Deur die regte voorligting gedurende die rypwordingsjare behoort aanpassing aan die kulturele orde gunstig te geskied.

Dit is egter waar dat hierdie orde 'n saak van persoonlike ervaring is en op grond hiervan moet die

---

39. Adamson: The Individual and the Environment, 60.
40. Ibid, 153 tot 166 en 219 tot 236.
41. Ibid, 154.
42. Ibid, 154.

onderwyser besef dat hy met wesens te doen het, wat in aard en aanvoeling van mekaar sal verskil en gevolglik op 'n eie opvatting geregtig sal wees en dienooreenkomstig sal handel. Hierdie enigheidskenmerk van die persoonlikheid word egter tot 'n ewewig in die samelewing herlei, omdat die beskawing gedurig deur die geestesvrugte van die voorgeslagte aangevul en opgebou word. Tengevolge van die aanpasbaarheid van die mens en die gee-en-neem verhouding tussen hom en die beskawing beskik hy oor die vermoë om te vorm maar ook om gevorm te kan word:

> "They are man-made though they help to make men.....[43] He modifies this second environment while it modifies him."[44]

Die beïnvloedingsfaktore van hierdie orde is ook nie tot bepaalde skoolvakke beperk nie. Alles en almal lewer 'n bydrae:

> "All the world's a school and all the men and women contributary scholars."[45]

Die skool moet die belangrikheid van gemeenskaps bedrywighede dus nie uit die oog verloor nie, want deur 'n ondersoek daarvan en kennismaking daarmee kan 'n aanpassing by die maatskaplike en kulturele lewe moontlik gemaak word. Die aanpassing sal dientengevolge neerkom op intelligente waardering en aktiewe samewerking.

> "It is the business of education first to project the social world and then to bring it home."[46]

Hoewel daar by die behandeling van die leerstof dikwels m[et] afsonderlike dele van die geheel gewerk moet word, moet daar toegesien word dat die geheel nie deur die afsonderlike dele verduister word nie.

43. Adamson: The Individual and the Environment, 162.
44. Ibid, 219.
45. Ibid, 220.
46. Ibid, 222.

> "Each person, event or side of life, should be constantly referred to the whole background, apart from which it has no meaning, and of which it is but an expression."[47]

In die ondersoek van die gemeenskapslewe moet beide die bydrae van die voorgeslagte en die ontwikkelingsmoontlikhede en bestaansreg van toekomstige geslagte in ag geneem word. In hierdie werksaamhede moet 'n belangrike plek aan beroepsaanpassing, taal en letterkunde toegeken word, omdat alle vorming beroepskundigheid en gemeenskapsaanpassing beoog.

(c) <u>Die etiese</u>.[48]

Die mens se etiese voortbestaan is inderwaarheid 'n persoonlike saak:

> "It exists for each individual so far as he creates it constantly by free volition ..... It is kept alive and existent by being constantly taken up, chosen, as a world to inhabit, a life to live, by all."[49]

Aanpassing aan die sedelike orde geskied deur die goeie omgewing en deur regstreekse en onregstreekse voorligting. In die verband sal die skool by die opstelling en organisering van sy werksaamhede die aanvaarde etiese ideale van geluk en volmaaktheid in gedagte moet hou.

> "As a matter of fact every sane schoolmaster of experience has found a place for law, happiness and perfection, in the practical regulation of his school and its teaching."[50]

Oor die metode wat toegepas moet word laat hy hom soos volg uit:

> "What does seem futile is dogmatic argument about method. The problem to be solved is to put the boy in the way of transcending his lower self."[51]

---

47. Adamson: The Individual and the Environment, 223.
48. Ibid, 321 tot 372.
49. Ibid, 314.
50. Ibid, 349.
51. Ibid, 357.

Die vraag is nie of voorbeelde, aansporing of die omgewing die beste daartoe in staat is nie:

> "Any way that helps the boy to transcend the limits of his lower self and live up to his membership in the school and in the infinite, is sound."[52]

Die taak van die onderwyser is volgens Adamson bepaald baie belangriker as die middels tot sy beskikking:

> "It is a question of a clean pure wind-swept atmosphere rather than of time-table and curriculum."[53]

Selfs wanneer hy die geleenthede bespreek wat die skool vir sedelike vorming aanbied, wil hy nie 'n bepaalde metode voorskryf nie:

> "The normal boy will gladly turn to the light.....[54] It seems to be just freedom which is wanted to carry the individual from the historical to the moral world."[55]

'n Skoon en gesonde fisiese lewe en die regte omgewing is die veiligste grondslag vir die ontwikkeling van 'n sedelike gevoel.

> "The moral order of the school is just what the moral order operative in the conscious life of its members makes it."[56]

Die onderwysvakke en ander vereistes vir sedelike vorming moet nie as afsonderlike werksaamhede beskou word nie.

> "Some prefer this or that instrument or agency. Some champion direct moral instruction, others plump for incidental and more or less indirect suggestion."[57]

Dis van belang dat daar by die onderwys van die standpunt uitgegaan moet word, dat sedelike vorming ten alle tye kan en moet geskied en juis daarom moet die opvoeder steeds op sy hoede wees en alle geleenthede benut.

---

52. Adamson: The Individual and the Environment, 357.
53. Ibid, 357.
54. Ibid, 358.
55. Ibid, 359.
56. Ibid, 362.
57. Ibid, 363.

4. KRITIESE WAARDERING.

Hoewel Adamson metodiek as sodanig nie in sy standaard werk[58] vir besondere nadruk afgesonder het nie, kan daar volgens sy uiteensetting van die ideale wat in die onderwys nagestreef moet word, tog logiese afleidings daaromtrent gemaak word. Hierbenewens het hy in die meeste van sy ander geskrifte, sy jaarverslae, leerplaninleidings en selfs in sy toesprake verskeie gesigspunte daaromtrent beklemtoon.

Sy standpunt in verband met die aanpassingsproses het hy soos volg saamgevat:

> "The real self must come out and reveal itself in broad daylight, frank and unashamed ..... only we must let their real selves speak."[59]

Volgens die ou skool moes die kind put uit wat aan hom voorgesit word, terwyl daar aan hom deur sy opvatting 'n regmatige plek toegeken is en hy 'n mate van vryheid geniet. Aan die vorming van sy persoonlikheid is 'n ruimer betekenis gegee, tengevolge waarvan 'n nuwe werkwyse voorgeskryf moes word. Die opvoeder sou die metodes van onderwys voortaan in 'n nuwe lig moes sien, want die kind moes hoofsaaklik met werklikhede kennis maak. Die afsondering in 'n klaskamer moes plek maak vir die buitelug en die vrye natuur. 'n Dissiplinêre en onderdrukkende maatreël soos, „kinders moet gesien maar nie gehoor word nie," is nou vervang deur die aankweking van deugde soos wakkerheid, lustigheid, waaksaamheid en werksaamheid. Die middelpuntvliedende belangrikheid van die onderwyser het verdwyn, want hy en die kind moes hul werksaamhede van 'n gemeenskaplike hoek benader. Dit was nie langer vir hom moontlik om met sy kennis en sy wysheid indruk te maak nie

58. Adamson: The Individual and the Environment.
59. Ibid, 296.

Die kind se aandeel in sy eie onderrig het in belangrikheid toegeneem: Hy moes self kyk, ondersoek, ontdek en skep, sodat die beoogde aanpassing deur selfwerksaamheid kon geskied. Hierdie innerlike ontwikkeling sou nie langer deur 'n ander persoon, hetsy onderwyser, ouer of medemens vir die kind verwesenlik word nie. Die ontwikkeling van sy persoonlikheid het meer die taak van homself as van 'n uiterlike gesag geword.

Dit het aan die onderwys en opvoeding 'n nuwe en ruimer betekenis gegee. Die kulturele en sedelike vorming van die kind het in 'n groot mate ook van die gees en die omgewing waarin hy opgroei afhanklik geword.

> "The essentials of beauty and goodness can be developed within the soul through the silent influence of familiarity."[60]

Voorts moes in die beginstadium, voordat die rede en waardeleer van onmiddellike belang is, die goeie in die omgewing so nageboots word, dat die kulturele en sedelike vorming van die jong kind versterk kon word.

> "If he realises that this silent, imperceptible, unconscious nurture is the only training in morals which most of his pupils will receive, he will be careful to fashion their environment while they are with him so that it shall bear the impress 'of a good moral character.' For 'in every work the beginning is the most important part especially in dealing with anything young and tender.'"[61]

Vir die latere logiese of verstandelike leiding is 'n gunstige omgewing ewe-eens bevorderlik:

> "The characteristics of accurate observation, of valid inference, of a logically-satisfactory explanation do not need labels to be realised. They can be in the environment equally with the forms of beauty."[62]

---

60. Adamson: Education in Plato's Republic, 116.
61. Ibid, 115.
62. Ibid, 116.

Hy meen voorts dat die neiging om die kultureel-sedelike atmosfeer by die logies-verstandelike vorming te laat ontbreek, tog betreur moet word. Hiervan moet egter nie afgelei word, dat die mens slegs tengevolge van nabootsing en beïnvloeding opgevoed moet word nie.

> "There is, at any rate, an emperical stage which is essential and which, in a good system of training, ought to lead up to the rational stage."[63]

In die laeronderwys moet die meganiese sowel as die intellektuele geestesvermoëns ontwikkel word. Die kind moet egter in staat wees om waarhede te kan waardeer, voordat van hom verwag word om logiese afleidings te maak.

> "The tendency in the primary schools is towards premature generalisation and rationalisation."[64]

Die volgende voorbeelde kan in die verband aangehaal word: By woordverklaring in die leesles moet aanduiding inhoudsbepaling voorafgaan; in die rekeneles moet mondelinge werk die aandag geniet, voordat ingewikkelde syferbegrippe aangedurf word en in Engels moet daar sinteties-deduktief te werk gegaan word, voordat analitiese begrippe behandel word.

In die aanvangsonderwys, wanneer die kind sake en voorwerpe nog in hulle geheel waarneem en empiries te werk gaan, moet die sinteties-deduktiewe metode toegepas word, want die jong kind kan beswaarlik analiseer en dan volgens induktiewe beginsels redeneer.

Daarom moet hy voorwerpe in die natuur self sien, vrae daaroor stel, na mededelings daaroor luister en deur selfwerksaamheid self ontdek.

Die metode van analise en induksie moet toegepas word wanneer die kind die natuurwetenskappe bestudeer en

---

63. Adamson: Education in Plato's Republic, 117.
64. Ibid, 117.

hy 'n mate van selfstandigheid bereik het en oor 'n eie dinamiese krag beskik.

Voorts neem hy ook steeds die grondreëls van die metodiek in ag: in sy onderrig moet die kind met sy bekende tuisomgewing 'n aanvang maak, sodat hy sy sintuie in sy prakties-empiriese werksaamhede kan gebruik. Hierdie selfwerksaamheid wek belangstelling en omdat hy van die bekende na die onbekende vorder, moet hy alles noodwendig beter begryp.

Die beklemtoning van die belangrikheid van sosiale vorming het meegebring dat die skool by die lewe moes aansluit en het die kind sodoende in die geleentheid gestel om sy kennis en ervaring ook in die praktyk toe te pas en het hom tot verdere werksaamhede aangespoor.

Ten laaste moet die verstand en die gees van die kind ook ontwikkel word, hoofsaaklik deur hom met die natuurwetenskappe, die gemeenskapslewe en die sedelike eise van die lewe te laat kennis maak, sodat goeie lewensgewoontes aangekweek kan word, want 'n opgevoede of aangepaste persoon moet nie slegs oor kennis beskik nie. Hy moet ook ter bevordering van die gemeenskapslewe sy deel bydra, daarby self baat vind en in staat gestel word om verhoudings te skep en waardes te bepaal.

Adamson beoog deur sy metodes van onderwys en opvoeding die vorming van 'n mens wat die lewe sal ken, die gemeenskap sal dien, die waarde van 'n lewensdoel sal kan bepaal en wysheid sal nastreef.